

SPORT AS MENSLIKE AKTIWITEIT

2.1 INLEIDING

Die woord "sport", soos dit in sportkunde en sportafrigting voorkom, is 'n basiese begrip in die huidige ondersoek en gevolglik word enkele aspekte aangaande hierdie begrip in die regte perspektief gestel. Beide sportkunde en sportafrigting behels bepaalde komponente van sport. Ten einde sport as 'n kultuuruiting te begryp is 'n presiesering van die term noodsaaklik.

Volgens Pietersen (1961:13) sal 'n poging om sport te karakteriseer moet skipbreuk ly omdat die tiperende kenmerke van sport wel opgesom kan word, maar die wesenlike van sport moeilik weergegee kan word. Sport, as dinamiese gebeure, as menslike aktiwiteit, is moeilik verwoordbaar. Elke tipering van sport toon dieselfde gebreke: die teoretiese voorstelling is verwyderd van die werklikheid. As sport egter getipeer moet word, moet die tipering soveel moontlik reg laat geskied aan die dinamiese proses wat ten grondslag daarvan lê.

2.2 DIE WESE VAN SPORT

Verskeie sosioloë, filosowe en opvoedkundiges het al pogings aangewend om die wese van sport toe te lig. Aangesien dit nodig is om vas te stel in watter perspektief sport in 'n

geprofessionaliseerde sportafrigtingspraktyk gestel behoort te word, moet die verskillende sieninge van sport nagegaan word.

In die beredenering wat volg sal gepoog word om die wese van sport te verklaar en aan te dui dat sport nie sy karakter behoort te verloor nie, in watter vorm en op watter vlak dit ookal beoefen word.

Stokvis (1979:vii) beweer tereg dat sport soveel nuanses vertoon dat daar dikwels groot verskille in die omskrywing daarvan voorkom. Hierdie omskrywing wissel volgens Janbroers (1980:2) gewoonlik tussen "sport is spele" aan die eenkant tot "sport is prestasie" aan die anderkant.

C. Diem (1960: *Wesen und Lehre des Sports* soos aangehaal deur Botha, 1978:12) beweer die term "sport" is internasionaal. Dit is 'n wêreldwoord wat in feitlik alle tale van beskaafde volke dieselfde betekenis en gebruik het. Waar die term eers die soek na vermaak aangedui het, dui die betekenis tans op prestasie, wedstryd, oefenmetodes en organisasie (Botha, 1978:12).

Botha (1978:14-19) stel sport op fenomenologiese grondslag bekend. Enkele kernaspekte van hierdie bespreking word vervolgsgewys weergegee aangesien dit verskeie kenmerke van sport uitlig.

- Die spelmoment in sport is fundamenteel. Spel is gebore uit 'n dieper fundamentele drang in die mens, terwyl sport gerig is op uiterlike prestasie en gebore is uit 'n bepaalde gesteldheid.

- Sport as natuurlike spelontwikkeling moet gesien word as 'n fundamentele lewensuiting. Dit kom steeds neer op 'n wisselwerking tussen twee basiese elemente, naamlik vitaliteit (dit wil sê loutere spelbeewing) en bewustheid (dit wil sê prestasie-ingesteldheid). Pietersen (1961:24) noem hierdie twee komponente enersyds (formele) spel en andersyds 'n aantal faktore wat spel tot sport uitbou. In sport is wedywering die primêre moment. Prestasie, organisasie, wedstryde, oefening en spesialisering kom voort uit die wedywering. Met 'n toespitsing op hierdie elemente bevind ons onself midde in die moderne sportgebeure.
- Sport het 'n besielende karakter, dit is meesleurend.
- Die mens beoefen sport op grond van sy innerlike drange. Dit kom ooreen met die spel van diere, maar anders as diere wat nie in hulle spel met mekaar kompeteer nie, reguleer die vrye wil van die mens die drange. Sport is dus wesentlik slegs 'n menslike aktiwiteit.
- Sport is primêr aktiwiteit. Hierdie aktiwiteit het 'n biologiese- en psigologiese gerigtheid. Volgens Claassen (1984) het dit ook 'n etiese gerigtheid.
- Omdat die wil in die sporthandeling die organiserende en rigtingbepalende krag is, is sport 'n wilsaktiwiteit.
- "Die huidige verskyningsvorm van sport is kompleks. Dit behels vermaak, kompensasie vir maatskaplike defekte, verhoging van prestige, verkwikking van vermoeide senuwees, liggaamlike ontwikkeling en karaktervorming. Van één bepaalde verskyningsvorm is daar nouliks sprake" (Botha, 1978:15).
- Sport het 'n eie taak, 'n eie sisteem, dit is 'n verskynsel met intrinsieke waarde, maar dit is op sigself geen doel nie.

Ons vind dus in die sportgebeure die twee elemente, die wed-
ywormoment en die spelmoment en beide hierdie elemente dra
by tot die vorming van die mens (Pietersen, 1961:65).

Wedywering tydens sportaktiwiteite kan bepaalde voordele
inhou en daarom moet die sportafrigter 'n gebalanseerde perspek=
tief teenoor wedywering handhaaf. In hierdie verband verwys
Pietersen (1961:65-66) na die beskouing van Rijsdorp** naamlik
dat wedywer eerstens die prestasie verhoog en tweedens die
aktiwiteite van die mens intensiveer. Hierdie faktore kan
vir die persoonsvorming van die mens skadelik wees, maar
positiewe wedywering kan ook lei tot eergevoel en positiewe
ervaring wat die mens se handeling en strewes in 'n positiewe
rigting stuur. Wedywer kan dus opheffend wees in so 'n mate
dat na wedywerethos verwys kan word.

Botha (1978:18) beweer dat "by die saaklikheid en hardheid
wat die sport van die toekoms sal toon, dit blyk dat gesonde
sport tog steeds aangewese sal wees op 'n kompromis tussen
spel en sport.*

Morgan (1973:85) verwys na bepaalde eienskappe van sport
wat ook met die kenmerke van spel ooreenkom, naamlik:

- dit is vrywillig;
- dit word in 'n bepaalde ruimte en binne 'n bepaalde tyd
afgehandel;

* Spel is gebore uit 'n dieper fundamentele drang van die mens,
terwyl sport op uiterlike prestasie gerig is (Botha, 1978:
14)

** Rijsdorp, K. 1947. Wedijwer als opvoedingsmiddel in
DE LICHAMELIJKE OPVOEDING (1947).

- tydens die beoefening van sport staan die deelnemer los van die gewone lewe;
- dit behels 'n eiesoortige wyse van handeling en
- dit openbaar 'n vasberadenheid om deel te neem.

Met betrekking tot die feit dat die sportgebeure die mens tydelik uit die normale lewe onttrek, moet daarop gewys word dat dit nie alleen geld met betrekking tot die uitvoering van die aktiwiteite self nie, maar ook ten opsigte van die wyse waarop etiese norme op en van die sportveld af geld. Op die sportveld word die normale lewensreëls van byvoorbeeld eerlikheid en onselfsugtigheid deur 'n ander stel reëls vervang. Dit is byvoorbeeld nie verkeerd om op die sportveld jou opponnent met 'n fopbeweging te flous of die bal by hom af te neem en net vir jouself en jou spanmaats toe te eien nie. In die alledaagse lewe word dit verder ook nie van 'n persoon verwag om voorwerpe na 'n ander te slinger nie en tog is dit die wyse waarop sportsoorte soos krieket, sagtebal en bofbal gespeel word (McIntosh, 1979:83).

Sportsoorte soos rugby en krieket is ook dikwels in die verlede gebruik om die deug van onselfsugtigheid vir kinders aan te leer (McIntosh, 1979:29). In die verband word die etiese norme selektief toegepas en het slegs betrekking op 'n individuele spanmaats.

Putter (1983:1) wys daarop dat benewens spel en kompetisie-elemente, sport ook ander eienskappe vertoon, naamlik, dat dit na billikheid strewe en inspanning en voorbereiding vereis.

- Die strewe na billikheid word verwerklik wanneer sport volgens bepaalde reëls beoefen word en wanneer porture teen mekaar meeding. As gevolg van standarde wat neergele word, byvoorbeeld gewigsgrense in sportsoorte soos stoei, boks, gewigoptel en andere; kwalifiserende tye in atletiek; kwalifiserende rondtes in tennis en ouderdomsgrense vir skoolkinders, word verseker dat opponente op gelyke voet kan kompeteer.

Hierdie eienskap van sport moet eerbiedig word om te verseker dat sport nie die deelnemer psigologies en fisiologies benadeel nie. Dit is veral in die opvoedkundige situasie van wesentlike belang.

- 'n Sportman wat nie bereid is om hom met inspanning en toewyding doeltreffend voor te berei nie, word nie as 'n waardige deelnemer beskou nie.

So 'n deelnemer sal in elke geval gou agterkom dat teneinde topprestasie te bereik, intensiewe voorbereiding nodig is.

Morgan (1973:85) verwys ook na sport as 'n aktiwiteit wat intensiewe inspanning vereis en waarby ingewikkelde en omvattende psigo-motoriese vaardighede betrokke is en wat ook kompetierend van aard is, omdat sportbeoefening teen 'n opponent plaasvind.

Slusher (1967:6) beweer dat sport 'n besondere ingesteldheid van die sportdeelnemer vereis: "It includes devotion, care, respect, concern and responsiveness towards the desired outcomes. It is serious".

Twee verdere wesenskenmerke van sport leer ons uit die Christelike etiek, naamlik dat sport opbouend en menswaardig moet wees (Putter, 1983:1).

- Hier word dus gekonstateer dat indien sport nie tot die positiewe vorming van die mens bydra nie, maar ten koste van die mens beoefen word, die wese van sport aangetas word.

Talle wetenskaplike ondersoeke het inderdaad al bevestig dat sportdeelname onder andere psigologiese- en fisiologiese voordele kan bied as dit reg beoefen word.

- Menswaardigheid op die sportveld impliseer dat die sportdeelnemer ook op die sportveld sy Christelike roeping as mens moet en kan uitleef. Wanneer dit wel die geval is, is sport die mens waardig.

Vir die doel van die RGN-sportondersoek word met sport bedoel: "betreklik gereelde deelname deur individue of spanne aan georganiseerde en mededingende sport, afgesien van die intensiteit van deelname en mededinging (RGN. 1982, 1:145). Hierdie beskrywing kan nie as 'n definisie van die begrip "sport" beskou word nie aangesien dit slegs verwys na die deelname van deelnemers aan sport. Dit dien hoogstens om sportaktiwiteite van rekreatiewe aktiwiteite te onderskei. Indien hierdie definisie sou gelui het dat sport "betreklik gereelde deelname deur individue of spanne aan beplande aktiwiteite is, afgesien van die intensiteit van deelname en mededinging, sou dit sport nader omskryf het.

Volgens Pelser (1981:13) word hedendaags met die woord sport ook die administrasie van sportgebeure, die beplanning van oefenmetodes en die mededinging self bedoel. Hierby kan nog die aspek van wedstrydbeheer gevoeg word.

Na aanleiding van voorgenoemde aspekte kan vier groepe mense onderskei word wat direk by sport betrokke is, naamlik

- die deelnemers aan die sport self;
- diegene wat verantwoordelik is vir die organisasie en administrasie van die sport;
- diegene wat verantwoordelik is vir wedstrydbeheer (deelnamebeheer); en
- diegene wat verantwoordelik is vir die afrigting.

Hierdie verskillende groepe individue is almal noodsaaklik vir die sinvolle verloop van die sportgebeure.

Omdat professionalisering in hierdie onderhawige studie ter sprake is, is dit nodig om daarop te let dat beroepsport, soos dit deur byvoorbeeld sportdeelnemers, sportafrigters en sportadministrateurs beoefen word, in die ontwikkelingsgang van sport na vore gekom het. Pietersen (1961:25) beweer ook dat beroepsport 'n normale historiese proses is. So tref ons byvoorbeeld ook beroepsjuriste, beroepskunstenaars, beroepsfilosowe en beroepsekonome op ander terreine van die samelewing aan. Die invloed van beroepsmatigheid op die sportgebeure moet ondersoek word en daar moet vasgestel word of beroepsport die kwaliteit van sportdeelname en die wese van sport aantas.

Sakelui is in groot mate daarvoor verantwoordelik dat die gesonde wisselwerking tussen spel en wedywering in sport tot 'n einde gekom het. Pietersen (1961:25) beweer dat 'n fundamentele kenmerk van sport, naamlik die formele spelmoment deur die sakelui aan sport onttrek word, omdat prestasie vir hulle die enigste maatstaf vir sukses is.

Huizenga (1949:197) het reeds byna vier dekades gelede beweer dat die vermeerderde sistematisering en reglementering van sport daartoe gelei het dat iets van die suiwer spelkwaliteit van sport onvermydelik verlore gegaan het. Hy beweer dat die professionele sportman nie meer die ware speelse ingesteldheid openbaar nie. Die ingesteldheid skiet te kort aan spontaneïteit en sorgloosheid.

Uit die beredenering wat volg sal vasgestel kan word dat sport in watter vorm dit ookal beoefen word, steeds voorsiening (moet) maak vir die spelelement.

Botha (1978:17) wys daarop dat die argument van Huizenga slegs geld ten opsigte van beroeps- en internasionale sport. Hy beweer verder dat as sport en veral beroepsport, arbeid word, die spelelement grootliks verdwyn en dat ons dan nie eintlik meer met sport as sodanig te make het nie. Die karakter van sport word dan geweldig aangedoen. Hierdie siening van Botha kan nie aanvaar word nie, aangesien beroepsport nie die terrein van sport verlaat wanneer dit arbeid word nie. Hierdie mening word ook bevestig deur Pietersen (1961:76) en Van Raalte (1957:18).

Botha (1978:42) wys egter self ook daarop dat die spelelement nie noodwendig tydens topsportbeoefening uitgeskakel word nie. Alhoewel sport op hierdie deelnamevlak meer gereglementeer is, die spanning groter is, die voorbereiding intensiewer en die kompetisie hewiger, sodat die spontaneïteit, die vreugde en 'n gevoel van sorgeloosheid daardeur geraak word en dit weer die spelpatroon beïnvloed, is die spelelement tog aanwesig.

Pietersen (1961:76) beweer dat geldelike voordeel nie beteken dat van die terrein van sport afgewyk word nie en dat professionalisme min essensiële verskille met die amateuristiese sportbeoefening vertoon. Die nuwe kommersiële element ontnem sport nie sy wesenskenmerke nie. Alhoewel die beroemspeler bepaalde eiesoortige verpligtinge moet eerbiedig, behoort al hierdie versaaklikte elemente nie professionalisme van die sportwêreld te isoleer nie. Weiss (1969:209) beweer ook dat professionalisme nie 'n smet of 'n skande is nie. Nogtans het professionalisme in sport nog altyd teenstanders gehad (Miller et al., 1971:25).

Pietersen (1961:77) reken beroepssport dus tot sport, ondanks die feit dat die beroemspeler "markwaarde" gekry het en formeel 'n sekere arbeidswaarde verteenwoordig. Hy beskou die ekonomiese motief dus nie as deurslaggewend nie.

Volgens Van Raalte (1957:18) is beroepssport 'n wisselvorm van sport met 'n eie waarde, al sluit dit 'n saaklike doel in. Hy beweer dat die sportvreugde van die beroepssportman

net so groot kan wees as dié van die amateur en dat beroepsport met sy waardeverskuiwing ewe goed naas amateursport kan bestaan.

Tydens sportbeoefening sentreer die geldende sportwaarde in 'n groot mate om prestasie. Prestasie en welslae as 'n belangrike einddoel, is onlosmaaklik aan sport verbonde (Janbroers, 1980:121). Wedywering is 'n onwegdenkbare element van sportdeelname en prestasie hang ten nouste hiermee saam (Postma, 1977:186). Die afrigting moet dus só gerig word dat die moontlikheid om te presteer geskep word. Ongewenste wanpraktyke wat die etiek van sport in gedrang bring en wat nie goedgepraat kan word nie, kom soms voor (Botha, 1981:4). Dit moet egter in gedagte gehou word dat as met die wen-verloor-filosofie van veral topsport weggedoen word, daar nie meer topsportdeelname is nie (Janbroers, 1977:25). In hierdie verband beweer Pietersen (1961:65) dat die strewe na topprestasies nie op sigself verkeerd is nie, want sport sonder prestasie is nie moontlik nie. Dit is egter onaantvaardbaar as prestasie die uitsluitlike rigsgnoer, doel en maatstaf word.

Spel en wedywering is dus beide komponente van sport. Nóg die spelmoment, nóg die wedywermoment, hoef in wese deur deelname aan topsport of beroepsport aangetas te word (Pietersen, 1961:77). Hierdie siening moet veral deur die afrigters van topsportlui en beroepsportlui in gedagte gehou word.

In veral beroepsport is die formele spelmoment egter op die agtergrond geskuif (Pietersen, 1961:78). Beroepsport is

gerig op 'n taak wat aan direkte materiële belang verbonde is. Alhoewel die sportman met 'n kontrak tot deelname gedwing kan word sodat die element van vrywilligheid grootliks verdwyn, kan die gevoel van vreugde nogtans tydens deelname ervaar word. Die lus tot deelname moet ter wille van prestasie 'n eienskap van beroepsport bly.

Die verskil tussen 'n beroep in die oop arbeidsmark en sport as beroep, is daarin geleë dat die vreugde-element van 'n werknemer nie 'n faktor is waarby sy salaris staan of val nie. Vir die professionele sportman is die vreugde van deelname egter 'n *sine qua non*. Vreugdeloosheid beteken 'n vermindering van inkomste omdat prestasie en inoefening sonder belewingsvreugde kwalitatief agteruitgaan (Pietersen, 1961:69).

Wanneer beide die spelelement en die wedywerelement wel in hul wese deur beroepsport aangetas word, mag dit nie as algemene maatstaf gebruik word om beroepsport sonder meer te veroordeel nie. Dit sou onbillik wees as beroepsport op grond van die skeeftrek van waardes deur sommige sportlui, uitsluitlik negatief beoordeel word (Pietersen, 1961:77).

Na aanleiding van die voorgenoemde bespreking van sport as fenomeen en die kenmerke van sport wat daaruit na vore gekom het, moet enkele sake uitgelig word.

Sport het uit die kinematiese modaliteit van die mens ontwikkel. Duvenage (1975:15) wys daarop dat Dooyeweerd wat sedert 1935 die grondlegger van die Calvinistiese werklikheidsleer geword het, die kinematiese wel as 'n modaliteit aanvaar.

Sport is dus 'n werklikheidsgebeure wat in die bewegingsfunksie van die mens gefundeer is en wat sy bestemming in die sosiale modaliteit van die mens vind (Claassen, 1984). Elk van die modaliteite het 'n eie aard maar hulle vorm in hulle verskeidenheid 'n eenheid.* Hulle staan almal in verband met mekaar en vorm 'n besondere eenheid in die mens (Duvenage, 1975:16). Die samehang tussen die modaliteite funksioneer volgens twee belangrike beginsels, naamlik soewereiniteit en universaliteit in eie kring (Dooyeweerd, 1935:70). Dit beteken dat 'n besondere identiteit aan elke modaliteit toegeken kan word, maar dat hulle tog 'n eenheid vorm.

Aangesien ons tans as gevolg van die sonde in 'n gebroke werklikheid lewe, gebeur dit dat die wyse waarop die mens homself in die verskillende modaliteite uitdruk, soms 'n stryd met mekaar is (Claassen, 1984). Die mens as 'n redelike wese het egter die verantwoordelikheid om sy aktiwiteite so te rig dat die wyse waarop die modaliteite uitgedruk word nie in stryd met mekaar is nie.

Alhoewel die sportgebeure as werklikheidsgebeure in die kinematiese modaliteit gefundeer is en 'n bestemming in die sosiale modaliteit vind, doen dit nie af aan die feit dat al die ander modaliteite ook in hierdie gebeure gereflekteer word nie (Claassen, 1984).

* Dooyeweerd onderskei vyftien modaliteite of hoedanighede waaraan die mens deel het, naamlik: die godsdienstige, sedelike, juridiese, estetiese, ekonomiese, sosiale, linguale, logiese, psigiese, biotiese, fisiese, die kinematiese, die ruimtelike en die getalsmatige (Duvenage, 1975:15).

In hierdie verband kan veral die sedelike, godsdienstige, juri= diese, estetiese en in die geval van beroepsport veral die ekonomiese modaliteit genoem word.

Diegene wat by sport betrokke is, moet dit volgens bepaalde norme en beginsels beoefen, sodat die verskillende aktiwiteite in die regte verhouding teenoor mekaar kan staan en as 'n eenheid die sportdeelnemer kan bevoordeel. In die lewe van die Christen word hierdie norme en beginsels deur die Woord van God bepaal.

Sport as aktiwiteit het 'n eie struktuur en eie gebeure. Aan strukture en gebeure kan waarde (kwaliteit) toegeken word en kan byvoorbeeld vasgestel word of dit goed of sleg is en of dit voordelig of nadelig is. Hieruit kan afgelei word dat alhoewel positiewe doelstellings met sport nagestreef kan word, negatiewe oogmerke ook moontlik is.

Wanneer die wese van sport nagegaan word, moet ook vasgestel word of sport 'n doel op sigself is of nie. Volgens Morgan (1973:84) is sport 'n doel op sigself, terwyl Botha (1978:15) beweer dat dit geen doel op sigself is nie.

Morgan (1973:80) grond sy beredenering daarop dat sport te make het met die soeke na die bestaan van die mens. Volgens hom is dit so as gevolg van die fundamentele wyse waarop sport in die menslike liggaam en deur liggaamlike beweging gestalte kry. "The athletic realm involves the quest for being realized through its fundamental mode of embodiment the human body and through the medium of movement" (Morgan, 1973:80).

As gevolg hiervan het sport 'n intrinsieke geestelike fokuspunt wat terwille van sigself beoefen word en wat nie soos liggaamlike opvoeding of rekreatiewe aktiwiteite eksterne doelstellings, soos byvoorbeeld die vorming of opvoeding van die deelnemer of ontspanning beoog nie (Morgan, 1973:84). Miermans (1959:72) sê in hierdie verband dat die naaste doel van sport die ontwikkeling en vervolmaking van die mens is.

Wanneer die sportdeelnemer tydens sportbeoefening meer van homself en sy aard te wete kom, voldoen die deelname in daardie opsig aan sy doel en kan sport dus 'n doel op sigself wees.

Uit die werklikheid van die sportgebeure kom ons egter tot 'n duideliker besef dat sport inderdaad 'n doel op sigself kan wees. Sport wat uit die bewegingsfunksie van die mens tot 'n eie sisteem en 'n eie gebeure met eiesoortige norme en waardes ontwikkel het, betrek die deelnemer in so 'n mate, dat hy homself ten volle identifiseer met die aard en die vereistes van die betrokke sportsoort. So 'n deelnemer neem deel ter wille van die sport self. Dit is die primêre doel van sy deelname, ongeag die feit dat hy moontlik aanvanklik eksterne doelstellings, soos byvoorbeeld materiële gewin, gesondheid of ontspanning, gehad het. Sport het dus ontwikkel tot 'n gebeure in eie reg. Uit hierdie betrokkenheid by sport het verskeie voordele vir die deelnemer na vore gekom, soos byvoorbeeld materiële gewin, gesondheid, ontspanning en andere en hierdie voordele het ontwikkel tot redes vir deelname aan sport. Dit kan ook sekondêre doelstellings vir sportdeelname genoem word.

Wanneer sport as 'n funksie van die mens aanvaar word, kan dit dus ook sekondêre doelstellings hê. Matveyev (1977:29) beweer selfs dat sport slegs dan van sosiale- en opvoedkundige betekenis sal bly wanneer die ontwikkeling van die geestelike en fisieke vermoëns van die sportdeelnemer, 'n belangriker doelstelling as deelname of selfs prestasie is.

Dit is belangrik om daarop te let dat as met sportdeelname byvoorbeeld die bevordering van gesondheid, die opvoeding en vorming van die mens, politieke of finansiële gewin, of selfs die uitbouing van 'n land of inrigting se beeld na buite, beoog word, dit misbruik kan word.

Die kern van die saak kom dus daarop neer dat die sportdeelnemer ongeag die voordele wat uit die deelname moontlik is, eerstens getrou aan die aard en vereistes van sport, sport sal beoefen. Elemente soos billikheid, regverdigheid, prestasie, spel en menswaardigheid moet onder alle omstandighede geld, anders word sport deur sportlui verloën.

Uit die voorafgaande bespreking kan afgelei word hoe moeilik verwoordbaar die begrip "sport" inderdaad is. Omdat sport 'n integrasie van verskeie elemente is, word die sportkomplexiteit daardeur gekonstitueer.

Op watter vlak sport ookal beoefen word, op rekreasievlak, op algemene wedstrydsportvlak of op topsportvlak en of die deelnemer 'n amateur-, 'n semi-beroeps- of 'n beroepsportman is, is dit noodsaaklik dat die wesenskenmerke van sport altyd in gedagte gehou moet word. Dit sal daartoe meehelp dat die regte perspektiewe tydens sportdeelname behou kan word.

Voorgenoemde bespreking kan as volg saamgevat word:

- Verskeie wesenskenmerke van sport kan onderskei word.
- Sport is 'n werklikheidsgebeure wat in die kinematiese modaliteit van die mens gefundeer is en 'n bestemming het in die sosiale modaliteit.
- Sport kan kwalitatief beoordeel word.
- Sport as werklikheidsgebeure het 'n eie struktuur en eie gebeure en daarom is die ontwikkeling daarvan moontlik en noodsaaklik.
- In die ontwikkelingsgang van sport het beroepsport as 'n normale historiese proses na vore gekom.
- Beroepsport dra ook die wesenskenmerke van sport.
- Spel en wedywing (prestasie) is albei komponente van sport.
- Wedywing in sport verhoog prestasie.
- Sportreëls stem nie noodwendig met aanvaarde etiese norme in die alledaagse lewe ooreen nie.
- Sport streef na billikheid.
- Sport vereis voorbereiding en inspanning.
- Sport moet opbouend en menswaardig wees.
- Sport is 'n noodsaaklikheid en gevolglik is sportafrigting ook onontbeerlik.
- In die eerste plek word aan sport terwille van sport deelgeneem, maar op sekondêre vlak kan ander doelstellings met deelname beoog word.

2.3 DIE PLEK VAN SPORT IN DIE SAMELEWING

Dit is nodig om vas te stel of sport hoegenaamd bestaansreg in die hedendaagse samelewing het, want as dit nie die geval is nie, is die aktiwiteite wat om die sportgebeure sentreer nie geregverdig nie.

Sport is 'n maatskaplike verskynsel wat in die moderne samelewing na verwagting 'n steeds belangriker rol gaan speel (Stokvis, 1979:vii). As gevolg van die outomatisering van die arbeidsproses blyk dit volgens Pietersen (1961:64) onvermydelik te wees dat vryetyd in omvang en waarde bo die arbeidstyd sal uitstyg. Dit sal meebring dat die waarde van sport in vryetydsbesteding baie groter sal word; in so 'n mate dat dit nie slegs die verantwoordelikheid van paar individue en instansies sal wees nie, maar inderdaad van die owerheid self. Die moderne arbeidsproses bied verder al hoe minder geleenthede vir die individu om hom uit te leef, met die gevolg dat die behoefte aan sportdeelname in die toekoms steeds groter sal word (Botha, 1978:18).

Volgens Stokvis (1979:vii-xv) is daar voortdurend 'n mate van stryd by sport betrokke. Behalwe met betrekking tot die aard van sport en die betekenis daarvan vir die mens en die maatskappy ontstaan daar ook dikwels meningsverskille oor professionele en amateur sportbeoefening, oor die vraag of politiek en sport geskei kan of behoort te word en of dit wenslik is dat die strewe na topprestasies meer of minder beklemtoon moet word.

Martens (1980:11) beweer dat sport tot die samelewing behoort en dat dit 'n geïntegreerde deel daarvan is. Volgens Putter (1983:10) is sport "nie 'n toevallige verskynsel binne die menslike

kultuur nie". Hy beweer dat dit 'n tipiese handelingsvorm van die mens is wat voortspruit uit die mens se vermoë tot kreatiewe spel. Volgens Botha (1978:12) is sport "een van die prominentste verskynsels van ons tyd; dit het 'n gevestigde maatskaplike verskynsel met 'n wêreldwye betekenis en 'n onmisbare faset in die kultuurpatrone van die wêreld geword". Matveyev (1981:18) sien sport as "a many-sided social phenomena, which under certain social conditions has general cultural, ideological, aesthetic, pedagogical and economic significance".

Sport raak alle lae van die gemeenskap en dit beïnvloed elemente soos status, rasseverhoudinge, die besigheidslewe, klere-modes, taalgebruik en etiese waardes (Boyles, 1967:3-4).

Die trefkrag van sport in die maatskaplike lewe verklaar die toenemende belangstelling daarin.

Volgens Esterhuyse (1980:1) bestaan daar 'n onbetwisbare skakel tussen sport en kultuur en volgens hom is sport en ontspanning nie luukshede wat net geïgnoreer kan word nie. Die geregverdigde eise van mense om aan sport en ontspanning te kan deelneem, mag nie ontken word nie. Sport en ontspanning help om die wêreld waarop die mens woon leefbaar te maak en daarom is dit waardevol. Hierdie standpunt word ook in die RGN-sportverslag (1982,2:22) gehuldig. Hier word van die standpunt uitgegaan dat sport nie 'n oorbodige luukse is nie, "maar 'n noodsaaklike sosiale instelling wat aan die mens kulturele en opvoedkundige vormingsmoontlikhede bied".

Putter (1983:10) beweer dat die ontginning van liggaamlike vermoëns gesien word as 'n kultiveringsproses. As sodanig is dit 'n verryking van die menslike kultuur en as die aard van sport

in gedagte gehou word, sal 'n gemeenskap en sy kultuur verarm as daar nie geleenthede vir sportbeoefening bestaan nie, of as die geleenthede onvoldoende is.

Volgens Morgan (1973:79), is sport saam met die skone kunste, filosofie en godsdiens, 'n vorm van kultuur.

Putter (1983:13) beweer ook dat sport 'n kultuuruiting van die mens is en dit moet in enige waarde- en prioriteitsbepaling as sodanig beskou word. Dit is belangrik om daarop te let dat wanneer die spel- en sportkultuur van 'n gemeenskap ontleed word, dit heel moontlik 'n aanduiding sal gee van die lewenskwaliteit, waardestelsels en algemene sosiale karakter van die betrokke gemeenskap. In hierdie verband stel Putter (1983:13) dit dat die lewe van energieke mense, intellektuele mense en diep geestesgeoriënteerde mense sonder 'n gebalanseerde liggaamskultuur bykans nie moontlik is nie.

Scholtz (1983(c)) wys daarop dat die waardesisteme in 'n gemeenskap nie noodwendig 'n positiewe, konstruktiewe siening van sport bied nie. Mense moet opgevoed word om gebalanseerde perspektiewe ten opsigte van sport te ontwikkel.

Die sportafrigter kan 'n belangrike rol speel in die opvoedingsproses. As die rol en plek wat in 'n bepaalde gemeenskap aan sport toegeken word baie laag is, kan dit dus moontlik nodig wees om so 'n gemeenskap tot 'n meer gebalanseerde waarde- bepaling van sport op te voed (Putter, 1983:10).

Die prioriteitstand van sport in 'n maatskappy, sal bepaal watter waarde daar aan sport in 'n betrokke gemeenskap geheg word. Hierdie prioriteitstand sal byvoorbeeld bepaal hoe

belangrik sportopleiding is, hoeveel tyd daar aan sport en sportafrigting bestee word en watter mate van finansiële steun daar bestaan.

Sport as universele verskynsel kan egter nie deur een samelewingsbeeld getipeer word nie, aangesien dit soos Pietersen (1961:63) dit stel "van alle tye is".

In hierdie verband beweer Botha (1978:17) dat "sport as 'n uitdrukkingsmiddel, 'n universele betekenis het, maar binne hierdie universaliteit toon dit onderskeidende betekenis".

Die interpretasie van sport kan dus in die verskillende maatskappye met verskillende norme en waardes, uiteenlopend wees. So sal die klem op die verskillende saamgestelde elemente van sport varieer, met die veranderende siening van die maatskappy. Op 'n sekere tydstip sal die spelelement byvoorbeeld belangriker wees as wedywing of prestasie, terwyl laasgenoemde twee elemente weer by 'n ander geleentheid belangriker kan wees as spel. Hierdie elementverskuiwing vind plaas terwyl die ander elemente al is dit in 'n mindere mate, steeds teenwoordig is (Manders, 1980:11).

Sport word nie alleen in verskillende maatskappye en dikwels in dieselfde maatskappy, maar onder verskillende omstandighede, uiteenlopend geïnterpreteer nie, maar kan ook verander as gevolg van die veranderende struktuur van die maatskappy. Sport, soos dit tans beoefen word, is bepaald anders as vroeër (Botha, 1978:18). Sport is aanvanklik slegs deur sekere bevoorregtes beoefen, maar dit is vandag binne die bereik van die grootste gedeelte van die algemene bevolking. Die hele karakter van sport het ook verander en in die verband

beweer Holt (1981:4): "The quest for victory is at the heart of modern sport and serves to distinguish it from traditional ball games which often paid more attention to how the game was played, than who was the winner".

Sportdeelname het in enige gemeenskap aansienlike finansiële implikasies tot gevolg, as die voorsiening en onderhoud van geriewe, toerusting en uitrusting in gedagte gehou word. Verskeie persone uit alle dele van die samelewing word ook by sportvoorsiening betrek. Dit is ondenkbaar dat sport in geheel aan die gemeenskap onttrek kan of moet word.

Sport het, as 'n vlegwerk van norme, reëls, regte, verpligtinge en moraliteite, uitlopers tot in die religie, opvoeding en arbeid. Sport ontleen veel aan hierdie terreine, omdat die mens nie sy opvatting oor byvoorbeeld 'n geestelike erekode of sportiwiteit nalaat wanneer sport beoefen word nie. Volgens Pietersen (1961:64) is die mens wat die maatskappy bou dieselfde mens wat sport beoefen. "De sport ontleent met allen veel van haar kenmerke aan de maatskappij, zy is ook reactie tegen die maatskappij. Zij is compensatie en complement" (Pietersen, 1961:64).

Uit die voorgenoemde bespreking kan tot verskeie gevolgtrekkings geraak word:

- Sport is 'n geïntegreerde deel van ons samelewing.
- Die behoefte aan sport in die gemeenskap sal waarskynlik toeneem.
- Daar bestaan 'n onbetwisbare skakel tussen sport en kultuur.
- Sport verryk die menslike kultuur.
- Omdat sport 'n kultuuruiting is, moet dit in enige waarde-

en prioriteitsbepaling as sodanig beskou word.

- Die siening van sport in die verskillende maatskappye is uiteenlopend.
- Sport verander saam met die veranderende struktuur van die maatskappy.
- Sport bring finansiële implikasies mee en betrek 'n aansienlike aantal persone by die voorsiening daarvan.
- Sport ontleen verskeie aspekte aan die ander lewensterreine.

2.4 DIE VERSKILLENDSE VLAKE VAN SPORTBEOEFENING

Die doel van sportbeoefening hang baie nou saam met die behoeftes van die sportbeoefenaar. As gevolg van die verskillende behoeftes van sportlui kan verskillende vlakke van sportbeoefening onderskei word, naamlik topsportdeelname, algemene wedstrydsport- en rekreasiesportdeelname (Manders, 1980:14). In 'n besondere samelewing is daar ruimte vir al die verskillende vlakke van sportbeoefening.

Volgens Botha (1981:2) vertak sport hoofsaaklik in twee rigtings naamlik prestasiesport en rekreasiesport. In hierdie geval word topsportdeelname en algemene wedstrydsport onder prestasiesport gegroepeer.

Die verskillende vlakke van sportdeelname word onderskei deur die intensiteit, kwaliteit en taakgerigtheid waarmee die deelnemer aan die betrokke sport deelneem (Janbroers, 1977:20).

- In die geval van topsportdeelname pas die deelnemer sy hele lewenspatroon by die sport en die inoefening daarvan

aan. In hierdie geval word daar op nasionale en internasionale vlak deelgeneem (Manders, 1980:14). Volgens Botha (1981:2) is dit "n hoogs gespesialiseerde vorm van sport, gerugsteun deur 'n sterk wetenskaplike onderbou".

- Algemene wedstrydsport vereis ook 'n groot mate van betrokkenheid van die deelnemer; prestasie is ook belangrik. Daar is egter 'n groter mate van genot aanwesig as wat die geval met topsportdeelname is. Wedstrydsport is 'n vlak van sportdeelname wat tussen topsport en rekreasiesportdeelname bestaan.
- Rekreasiesport staan volkome in diens van die sportbeoefenaar en hy kan daarby betrokke raak wanneer dit hom pas. Die resultaat is nie so belangrik as in die geval van die ander twee vlakke nie, alhoewel daar tog baie ander ooreenstemmende elemente is (Manders, 1980:14). Die persoonlike behoefte en moontlikhede van die sportbeoefenaar staan voorop. Volgens Botha (1981:3) is dit "spanninglose deelname wat die selfbetrokkenheid versterk en verrigtingsvreugde meebring omdat die individu nou ook op sy eie bewegingsfunksie aanspraak maak". Individuele en spansportsoorte kan op rekreasievlak beoefen word.

Topsportlui neem dikwels ook deel aan rekreasiesport, terwyl die omgekeerde ook gebeur. Topsport dien ook as stimulus vir rekreasiesport. Dit gebeur wanneer welslae op die hoogste deelnamevlak behaal word. Hierdeur word belangstelling geprikkel en die deelnemertal groei (Manders, 1980:16). Die prestasies van topvlaksportlui kan vir die internasionale aansien van 'n land baie beteken, asook vir die kulturele, rekreatiewe waarde wat daaruit deur die sporttoeskouers geput word (Botha, 1981:3).

Aangesien deelname op verskillende vlakke plaasvind, impliseer dit dat sportafrigting ook op verskillende vlakke aangebied moet word. Sportafrigting vorm een faset van sportleiding en as die toenemende ingewikkeldheid van hedendaagse sport in ag geneem word, is geprofessionaliseerde sportleiding noodsaaklik (Botha, 1981:6). Die verskillende vlakke van deelname stel verskillende eise aan die afrigter en dit is logies dat hoe hoër die deelnamevlak is, hoe intensiewer en meer wetenskaplik gerig die afrigting moet wees. In die verband beweer Botha (1981:7): "Topsport en dus ook beroep= sport vereis die meeste begeleiding".

Die eise wat deur topsport aan die wetenskap gestel word, stimuleer die ontwikkeling van die sportwetenskap. Wetenskap=like kennis en navorsing is onmisbare fasette van topsport.

Deelnemers aan sport op topprestasievlak lewer verder ook belangrike diens aan die sportgemeenskap, in die sin dat dit alleen hulle is wat die grense van die menslike vermoë telkens weer verskuif en aan die wetenskap van die menslike liggaam, die beste studiemateriaal verskaf (Theys, 1968:80).

Tot dusver is gepoog om die wese van sport te bepaal, daar is, gekyk na die plek van sport in die maatskappy, asook na die vlakke van deelname. In die voorafgaande bespreking is telkens van begrippe soos "sportkunde", "sportafrigter", "sportafrigting" en "sportdeelnemer" gebruik gemaak. Gesien teen die agtergrond van die wese van sport, die prioriteitsstand van sport en die vlakke van sportdeelname, is dit nodig om die genoemde begrippe enigsins nader toe te lig.

2.5 DIE OMSKRYWING VAN KERNBEGRIPE

2.5.1 Sportkunde

Sportkunde is die term wat gebruik word om sport as wetenskap aan te dui, vergelyk ook Dierkunde, Aardrykskunde en Plantkunde. Sport wat aanvanklik as deel van die kulturele lewe net op ondervinding berus het, het tans 'n onderwerp van omvattende navorsing geword (Matveyev, 1981:23).

As gevolg van die uitmuntende vordering van die sportpraktyk is 'n omvangryke bron van teoretiese- en toegepaste geestes- en natuurwetenskaplike feite vandag tot die beskikking van die sportkundige.

Ten grondslag van die sportpraktyk lê 'n teoreties-wetenskaplike onderbou wat in twee hoofafdelings waaruit die teorie bestaan, uitgesonder kan word (Matveyev, 1981:22), naamlik:

i) Sportkompetisies en sportprestasies:

Dit behels die teorie van sporttegniek, -taktiek en fisieke vermoë, die teorie van die organisasie en administrasie van sportoefeninge en -kompetisies en die evaluering van sportuitslae.

ii) Die teorie en metodes van inoefening:

Hierdie afdeling behels die algemene beginsels van inoefening en die teorie en metodiek van 'n bepaalde sportsoort.

Hierdie twee afdelings vorm saam 'n kern, met ander woorde die sentrale veld van die wetenskaplike en praktiese kennis van sport.

Sport maak ook van die feite en kennis van verskillende wetenskappe vir die ontwikkeling van sy eie kennisveld, gebruik. So word die basiese kennis van die fisiologie, biochemie, anatomie, meganika, geskiedenis, sosiologie, psigologie, etiek, bestuurswese, ekonomie en die reg in sport toegepas en gebruik.

In breë trekke kan gestel word dat van die biologiese wetenskappe, die geesteswetenskappe, die ekonomie, wetenskappe en die regs wetenskappe gebruik gemaak word in die bestudering van sport. Op hierdie wyse het verskillende afdelings van die sportteorie ontwikkel in byvoorbeeld sportsosiologie, sportpsigologie, sportfisiologie en sportetiek.

Die verskillende fasette gee 'n aanduiding van die verskillende dissiplines wat by die sportgebeure betrokke is. Dit bly egter noodsaaklik dat die verskillende dissiplines in die algemene teorie van sport saamgevat word. In sport gaan dit om die mens wat daarby betrokke is. Slegs in die algemene teorie van 'n vak Sportkunde kan verskillende raakpunte uit byvoorbeeld die fisiologie of psigologie geïnterpreteer en op die terrein van sport toegepas word.

Al die aspekte van sport is onderling verbonde en baie van hulle verbind sport ook met verwante wetenskappe. Die teorie en metodologie van Liggaamlike Opvoedkunde* en algemene opvoedkunde is veral na aan dié van Sportkunde. Die teorie van

* Liggaamlike Opvoedkunde is die wetenskap van die liggaamlike opvoeding

Sportkunde het grotendeels uit die teorie van Liggaamlike Opvoedkunde ontwikkel. Dit het gebeur omdat sport ook as deel van Liggaamlike Opvoedkunde beskou is. Die invloed van hierdie twee dissiplines is verwant en gedeeltelik ooreenstemmend (Matveyev, 1981:26).

Alhoewel daar tussen sport en liggaamlike opvoeding ooreenstemmende elemente is, is daar ook verskille. Volgens Pietersen (1961:30) kan gekonstateer word dat dit oor die algemeen in sport oor die prestasie, die instruksie en die inoefening gaan, terwyl dit in die liggaamlike opvoeding om die vorming, die opvoeding, deur middel van bewegingsonderwys, gaan. Alhoewel prestasie die primêre doel van sport is, beteken dit egter nie dat die totale mens buite rekening gelaat word nie. Sport kan en moet dus ook vormend op die mens inwerk, maar in sport word prestasie nagestreef.

In die lig van bogenoemde feite kan dus gekonstateer word dat Sportkunde, as die wetenskap van sport, gefundeer is in en saamgestel is uit die verskillende voorgenoemde wetenskaplike dissiplines. Die verskillende teoretiese aspekte kulmineer in die praktyk in die vorm van sportafrigting, terwyl dit op teoretiese gebied rigtinggewend vir die sportafrigtingspraktyk in die algemeen is.

Die teorie van Sportkunde bestaan uit 'n sentrale veld, naamlik die twee afdelings wat handel oor sportkompetisie en sportprestasies aan die een kant en die teorie en metodes van inoefening aan die ander kant.

Sport maak ook gebruik van die kennis wat in die biologiese, geesteswetenskaplike-, ekonomiese- en regswetenskappe opge-

sluit lê.

Sportkunde as 'n volwaardige wetenskap beskik oor sy eie geskiedenis, 'n eie literatuur, 'n eie terminologie, eie wetenskaplike beoefenaars en 'n eie veld van ondersoek.

2.5.2 Sportafrigting.

Daar bestaan volgens Janbroers (1977:25) verwarring oor die begrip "afrigting". Volgens hom beteken afrigting die totale proses van keuring, inoëfening, tegniese en taktiese kennis, kennisoordraging, motivering, spanbegeleiding, wedstrydbegeleiding, dit wil sê "alles wat men pleegt te reserveren voor begrippe as oefenmeester, trainer, manager, coach" (Janbroers, 1979:23). Die afrigter is direk of indirek betrokke by die sportgebeure en word vir die totale gang van sake verantwoordelik gehou.

Janbroers (1977:33) stel dit ook dat afrigting rigtinggewend vir die gedrag van ander mense is. Dit word gedoen deur:

tegniese deskundigheid (kennis van sake, kennisoordrag);
organisasie (beplanning en uitvoering);
begeleiding (motivering, deskundige hulp); en
kontak na buite.

Janbroers (1977:25) beweer dat daar deur middel van afrigting 'n innerlike verbondenheid tussen afrigter en deelnemer ontstaan.

Matveyev (1981:21-23) maak 'n duidelike onderskeid tussen "sportafrigting" en die "afrigting van 'n sportman". Tussen

hierdie twee begrippe is wel ooreenkomste, maar hulle is nie dieselfde nie. Laasgenoemde is breër in omvang en inhoud as eersgenoemde. Hierdie twee begrippe word kortliks bespreek:

a) Die afrigting van 'n persoon

Interne en eksterne faktore dra by tot welslae in sport. Interne faktore is die moontlikhede en die staat van gereedheid vir prestasie, terwyl eksterne faktore die middele, metodes en omstandighede waarmee die ontwikkeling van 'n sportman beïnvloed kan word om hom prestasiegereed te kry, behels. Matveyev (1981:22) stel dat "the preparedness of an athlete for an achievement is a complex dynamic state characterized by a high level of physical and psychological efficiency (physical and psychological readiness) and the degree of perfection of the necessary skills and knowledge (technical and teoretical preparedness)". 'n Sportman bereik hierdie staat van gereedheid slegs op grond van korrekte af-rigting. Ander faktore soos voeding, die wyse waarop krag na oorlading herstel kan word en die organisasie van 'n algemene oefenroetine wat ooreenstem met die vereistes van die besondere sportsoort, speel ook 'n rol in hierdie voorbereiding. Saam verskaf hulle die elemente wat in kombinasie gebruik word in die afrigting van die sportman. Die afrigting van die sportman is dus 'n veelsydige proses waarin verskeie faktore gebruik word om die ontwikkeling van die sportman sodanig te beïnvloed dat die verlangde graad van gereedheid bereik kan word.

As veelduidige proses sluit die afrigting van 'n sportman dus in:

- i) sportafrigting;
- ii) kompetisies (in die gevalle waar dit ook as inoefening gebruik word) en
- iii) die gebruik van bepaalde eksterne faktore wat inoefening en kompetisies aanvul en die herstelproses na oorlading versnel.

Dit kan as die hoofkomponente beskou word wat in 'n stelsel van sportvoorbereiding voorkom.

b) Sportafrigting

Sportafrigting kan gedefinieer word as dié basiese komponent van 'n sportman se afrigting. Die hoofkomponente kan soos volg weergegee word:

- i) Dit is wenslik en in sy effektiëste vorm pedagogies-georganiseerde gebeure wat deur al die eienskappe van onderrig, opvoeding en selfopvoeding gekenmerk word. Dit is die begeleidende rol van die afrigter wat uitgedruk word in sy direkte beheer oor, of leiding gee aan 'n sportman se aktiwiteite en die organisasie van die oefensessies in ooreenstemming met die algemene- en besondere pedagogiese beginsels.
- ii) Dit is 'n stelsel oefeninge wat so gerangskik is om die maksimale ontwikkelingseffek te bereik en dit vorm die metodologiese beginsels van sportafrigting.

Sportafrigting is dus die basis van 'n sportman se voorbereding. Deur middel van inoefening vorm dit 'n sistematiese, georganiseerde voorbereiding wat in werklikheid pedagogiese gebeure is om die sportman se ontwikkeling te beheer.

Volgens Botha (1981:8) moet sportafrigting ook gesien word as pedagogiese gebeure waar die afrigtingsituasie "n ontmoetingsituasie sonder weerga is, vanweë die oop, ontvanklike gemoed van die leerling wat bereid is om homself te onderwerp as prestasie bereik kan word. Die afrigter is inderdaad 'n superopvoeder".

Worthington (1979:1) het dit soos volg gestel: "Coaching is more than the teaching of skills. There are principles of coaching which are similar to those of teaching. These have a scientific base and support the skill of the coach".

Met sportafrigting word in die onderhawige studie die fundamentele komponent van 'n sportman se afrigting bedoel - dit wat ten grondslag van sy vorming lê.

Janbroers (1977:26) beweer dat sportafrigting 'n wetenskap is. Hy grond sy stelling op die siening dat afrigting gebaseer is op feitekennis, 'n sistematiese versameling van kennis vanuit waarneming, ondersoek, eksperimentering en navorsing. Hierdie stelling kan aanvaar word as die afrigting werklik op die versamelde kennis gefundeer is en nie gegrond is op tradisies of onverantwoorde opvattinge nie.

Die sportafrigter en die sportdeelnemer vorm ook deel van die afrigtingsgebeure. Enkele aspekte in die verband word dus toegelig.

2.5.3 Sportafrigter

Die sportafrigter en die sportdeelnemer is tydens die sportafrigtingsgebeure in die brandpunt van die onderrigproses. Die kragdadigheid van die oefengebeure hang in groot mate af van hulle onderlinge samewerking (Zukowska, 1973:126).

Die afrigter is die persoon wat die oefeninge voorskryf en waarneem en besluite vir die individu, of span neem (Janbroers, 1977:37). Die sukses van die enkeling of die span word in 'n groot mate deur die kundigheid van die afrigter bepaal.

Volgens Janbroers (1977:31) kan bykans enige persoon wat graag sport wil afrig en wat homself bekwaam vir die vlak waarop hy wil afrig, wel 'n afrigter word. Hy sonder egter afrigting op topsportvlak uit, aangesien verskeie faktore hier 'n rol speel. Vorige kontak met topsport vorm 'n hegte basis as beginpunt, maar die praktyk het getoon dat 'n indrukwekkende topsportloopbaan glad nie 'n waarborg is dat 'n loopbaan in sportafrigting geslaag sal verloop nie. Janbroers (1977:31) beweer dat "voor coaching op topsportniveau is, ruimtelijk, drie dimensionaal denken vereist".

Hoedanighede wat by 'n sportafrigter van groot belang is, is sy opleiding, sy persoonlike kwaliteite, sy intellek en 'n positiewe gesindheid teenoor die opvoeding van die sportdeelnemer (Zukowska, 1975:126).

2.5.4 Die sportdeelnemer

Die sportdeelnemers is die ontvangers van sportafrigting wat deur die afrigter aangebied word. Die afrigter moet die sportlui met wie hy werk kan bereik om hulle te motiveer, met hulle te kan kommunikeer en hulle die leerervaringe te laat verwerk. Geen twee deelnemers aan 'n sportsoort, of twee kampioene van verskillende sportsoorte het dieselfde persoonlikheidsstruktuur nie (Janbroers, 1977:83). Dit moet altyd deur die afrigter in gedagte gehou word.

Met betrekking tot die onderhawige studie is veral twee aspekte rakende die sportdeelnemer belangrik en dit is dat wanneer die deelnemer en afrigter teenoor mekaar gestel word, die afrigter die vermoë moet hê om so kontak te maak dat die afrigtingsdoelstellings verwesenlik sal word. Verder is dit ook belangrik dat doeltreffende afrigtingsgeleenthede geskep word sodat die afrigter in staat gestel kan word om af te rig.